14.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE BYBEL – BYBELVERSPREIDING

14.3 REPORT 3 – DEPUTIES BIBLE – BIBLE DISTRIBUTION

1. Opdrag Acta 2009:98, 5.1.2.1 en 5.1.2.2.	**1. Mandate** Acta 2009:98, 5.1.2.1 and 5.1.2.2.
1.1 Hou fondsinsameling vir Bybelverspreiding en skakeling met die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in stand.	1.1 Maintain fundraising for Bible distribution and liaison with the Bible Society of South Africa.
1.2 Voorsien die kerke jaarliks van die riglyn vir bydraes ten opsigte van Bybelverspreiding. Besluit: Kennis geneem.	1.2 Provide the churches annually with the guidelines for contributions regarding Bible distribution. Decision: Noticed.
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Die *Borg 'n Bybel*-projek word nou beskou as die norm vir fondsinsameling vir Bybelverspreiding. Nota: Die bedrag wat só ingesamel word, is gelykstaande aan en hou tred met die kosprys van die Standaard Bybel (swart hardeband Bybel). Die projek het egter 'n gedaanteverwisseling ondergaan met die doel om dit meer aantreklik en interaktief te maak: Die ou koevertstelsel is vervang met pilhouers wat 'n *Borg 'n Bybel*-plakker op het. Dit identifiseer die houer en die doel is om dit met R5-stukke te vul om so die bedrag wat 'n Bybel sal borg in te samel. Die pilhouers wat ons verskaf, is so klein dat dit maklik in jou handsak of in een van die motor se panele pas en is altyd byderhand om jou kleingeld in te plaas! • Maklik om te hanteer • Nie 'n groot som geld uit jou sak uit nie • Jy kan houers ook aan jou vriende en familie uitdeel om te help volmaak • Die hele gesin kan meewerk • Die houers is herbruikbaar jaar na jaar Soos enige projek moet die Projek natuurlik 'n begin en einde hê en die tydperk tussen Nagmaal en Nagmaal is ideaal.	2.1 The *Sponsor a Bible* project is now considered the standard for collecting funds for Bible distribution. Note: The amount to be collected is equal to and keeps track with the cost price of the Standard Bible (black hard cover Bible). However, the project has undergone a transformation with the aim of making it more attractive and interactive: The old envelope system has been replaced with pill holders with a *Sponsor a Bible* sticker to identify the container. The aim is to fill it with R5 pieces to to make up the amount needed for a standard Bible. The pill holders we provide are so small that it's easy to fit in your handbag or in one of the car's panels and are always on hand to fill it with your change! • Easy to handle • You do not spend a large sum of money out of your pocket • You can also hand out holders to your friends and relatives to help you collect • The whole family can work together • The containers are reusable year after year Like any project, the Project must of course have a start and end and the period between Communion and Communion is ideal (3 months).
2.2 *Syfers* – fondse soos ingesamel die afgelope 2.5 jaar is:	2.2 *Figures* funded over the last 2.5 years are:
2.2.1 2015 – R1 797 922.65	2.2.1 2015 – R1 797 922.65
2.2.2 2016 – R 1 897 547.68	2.2.2 2016 – R 1 897 547.68

2.2.3 Jan-Mei 2017 – R815 878.29	2.2.3 Jan-May 2017 – R815 878.29
2.3 *Aanwending van fondse deur die Bybelgenootskap. Die BSA se visie is juis "'n Bybel vir elkeen"*	2.3 *Usage of funds by the Bible Society. The vision of the BSA is "a Bible for everyone"*
2.3.1 Om dit reg te kry moet die Standaard Bybel so bekostigbaar moontlik gehou word en is die prys tans R97.00.	2.3.1 To achieve this, the Standard Bible must be kept as affordable as possible and the price is currently R97.00.
2.3.2 'n Uitreikbybel teen R55.00 is ook beskikbaar aan die armes. Jaarliks word groot hoeveelhede Bybels (± 22 744) aan die armes beskikbaar gestel, hoofsaaklik deur kerke en groepe wat die armes bedien.	2.3.2 An Outreach Bible at R55.00 is also available to the poor. Annually, large numbers of Bibles (± 22 744) are made available to the poor, mainly through churches and groups serving the poor.
2.3.3 Ongeveer 32 249 Uitreikbybels word ook jaarliks aan Graad 7's gegee.	2.3.3 About 32 249 Outreach Bibles are also given to Grade 7s annually.
2.3.4 Die Bybelse boodskap word ook aan voorskoolse- en graad 1 kinders aangebied dmv 'n stel werksboekies, "My eerste Bybel-Doen en Leer" wat hulle help met lees en skryf. Jaarliks word ongeveer 174 563 werks-boekies hoofsaaklik gratis voorsien.	2.3.4 The Word is also given to pre-school and grade 1 children, largely free of charge, through a set of workbooks (My eerste Bybel-Doen en Leer) through which they can learn to read and write with the Bible as basis. 174 563 annually.
2.3.5 Bybels word steeds aan die gevangenes gegee sodat hulle, deur die Woord te lees, tot bekering kan kom en kan rehabiliteer. Ongeveer 15 997 per jaar.	2.3.5 Bibles are still given to the prisoners so that they can read, repent and rehabilitate through the Word. About 15 997 per year.
2.3.6 Nuwe vertalings en hersienings van bestaande vertalings is steeds die belangrikste werk wat die Bybel-genootskap doen. Tans is daar drie vertalingsprojekte aan die gang nl:	2.3.6 New translations and revisions of existing translations are still the most important work of the Bible Society. Currently there are three translation projects in progress:
2.3.6.1 Die nuwe Afrikaanse vertaling: Die Bybel Direkte Vertaling (BDV). Groot dele van die vertaling is reeds beskikbaar by www.bybeldirektevertaling.co.za en soos bekend, is die proefvertaling van die Nuwe Testament en Psalms reeds gepubliseer.	2.3.6.1 The new Afrikaans translation: Die Bybel Direkte Vertaling (BDV). Much of the translation is already available at www.bybeldirektevertaling.co.za and the proof translation of the New Testament and Psalms has already been published.
2.3.6.2 Die Engelse Bybel vir Dowes (English Bible for the Deaf (EBD). Dele van die vertaling is ook reeds beskikbaar by www.englishbibleforthedeaf.co.za	2.3.6.2 The English Bible for the Deaf (EBD). Parts of the translation are also available at www.englishbibleforthedeaf.co.za
2.3.6.3 Die IsiZulu se nuwe vertaling wat ook reeds ver gevorderd is.	2.3.6.3 The IsiZulu's new translation is already well advanced.
2.4 Die Bybelgenootskap spreek sy dank uit by monde van die nuwe Hoof Uitvoerende Beampte, ds Dirk Gevers vir die GKSA se ondersteuning.	2.4 The Bible Society expresses its gratitude through the new Chief Executive Officer, Rev Dirk Gevers, for the GKSA's support.
2.5 Br Hennie Dekker is steeds die voltydse Skakeldeputaat by die BSA. Br Dekker is 'n Senior Amptenaar en	2.5 Brother Hennie Dekker is still the full-time Deputy at the BSA. Br Dekker is a Senior Officer and it helps a lot with

dit help baie met skakeling op alle vlakke. Hy het ook vir baie jare diens gedoen as die Streekhoof: Noordwes. Skakeling met GKSA vind vir twee redes plaas, nl:	liaison at all levels. He also served for many years as the regional head: North West. Liaison with GKSA takes place for two reasons, namely:
2.5.1 Om terugvoer te gee van enige besluite wat GKSA neem rakende die BSA.	2.5.1 To provide feedback on any decisions taken by GKSA regarding the BSA
2.5.2 Om aan die GKSA gereelde terug-voer te kan gee van die BSA se werksaamhede.	2.5.2 To provide regular feedback to the GKSA on the activities of the BSA.
2.5.3 Skakeling vind op verskillende vlakke plaas:	2.5.3 Liaison takes place at different levels:
2.5.3.1 Daaglikse skakeling met die ander kerklike Deputate wat elk hulle kerke verteenwoordig binne die BSA.	2.5.3.1 Daily liaison with the other church Deputies who each represents their churches within the BSA.
2.5.3.2 Gereeld met die besluitnemende amptenare wat op die Raad van Direkteure sit.	2.5.3.2 Regularly with the Decision-making officials sitting on the Board of Directors.
2.5.3.3 Jaarliks by twee konferensies waarby al die Seniorpersoneel van die BSA betrokke is en waar terugvoer en strategiese beplanning gedoen word.	2.5.3.3 Annually at two conferences involving all senior staff of the BSA and where feedback and strategic planning are done.
2.5.3.4 As Streekhoof het br Dekker ook saam met die GKSA se twee amptelike verteenwoordigers by die AJV, stemreg gehad.	2.5.3.4 As Regional Manager, br Dekker also had the right together with the GKSA's two official representatives, to vote at the AGM.
2.5.3.5 Dank aan br Dekker wat voltyds besig is met al hierdie take.	2.5.3.5 Our Thanks to br Dekker who is working full-time and handling all these tasks.
2.6 *Administrasie van die Bybelver-spreidingsfondse en terugvoer aan gemeentes*	2.6 *Administration of the Bible distribution funds and feedback to congregations*
2.6.1 Fondse wat ingesamel word via die *Borg 'n Bybel*-projek word deur gemeentes inbetaal hoofsaaklik by die Admin Buro en dan maandeliks gekonsolideer en dan oorbetaal aan die BSA.	2.6.1 *Sponsor a Bible* funds collected by congregations are paid mainly to the Admin Bureau who then consolidate monthly and pay over to the BSSA.
2.6.2 Dank hiermee ook vir die groot werk wat Admin Buro in die verband doen.	2.6.2 Thanks go for the great work that the Admin Bureau does in this regard.
2.6.3 Terugvoer aan gemeentes vind maandeliks plaas in die vorm van 'n kwitansie en dankie-brief.	2.6.3 Feedback to congregations takes place monthly in the form of a receipt and thank-you letter.
2.6.4 Jaarliks word die bedrae wat ontvang is, gekontroleer met elke gemeente. Omdat die bydraes vir Bybelver-spreiding nie verpligtend is nie, word gemeentes nie aangespreek indien géén bydraes ontvang word nie, maar word alle gemeentes van tyd tot tyd aangemoedig en bemoedig om die *Borg 'n Bybel*-projek te doen.	2.6.4 Every year the amounts received are checked with each congregation. Because contributions to Bible distribution are not compulsory, congregations are not addressed if no contributions are received, but rather from time to time all congregations are encouraged to roll out the *Sponsor a Bible* project.

2.7 *Werkswyse*	2.7 *Procedure*
2.7.1 Br Dekker besoek gemeentes en predikante gereeld om só verhoudings te bou en terugvoer te gee oor die werksaamhede van die BSA. Terugvoersessies vir gewoonlik plaas by wyse van 'n gesprek met die gemeente ná die erediens terwyl persoonlike besoeke aan die predikante die grootste prioriteit geniet.	2.7.1 Br Dekker regularly visits congregations and ministers to build relationships and to give feedback and thanks personally. Sometimes by means of an information session after a church service, but mostly through personal visits to the pastors.
2.7.2 Br Dekker besoek ook Klassisse en Streeksinodes om op daardie vlak die terugvoer te gee en te bemoedig en aan te moedig.	2.7.2 Br Dekker also visits Classes and Regional Synods to provide feedback and encouragement at that level.
2.7.3 Die Deputate Bybel vergader jaarliks, of soos nodig soms meer male, waartydens sake van belang en terugvoer van br Dekker se aktiwiteite aangehoor word.	2.7.3 The Deputies Bible meets annually or, as necessary, sometimes more, during which matters of interest and feedback are heard on Br Dekker's activities.
2.8 *Broeder Hennie Dekker – Aftrede* Br Dekker tree DV in 2020 af en die aanwysing en aanstellingsprosedure sal oorweeg moet word. Aangesien belangrike riglyne deur die BSA oorweeg word in Augustus 2017, sal die Deputate Bybel met die BSA hieroor vergader en sal bepaalde voorstelle aan die Sinode in die verband in die Aanvullende Rapport bespreek word.	2.8 *Brother Hennie Dekker – Retirement* Br Dekker retires DV in 2020 and the appointment and appointment procedure will have to be considered. Since important guidelines are considered by the BSSA in August 2017, the Deputies Bible will meet with the BSSA after which suggestions and advice will be offered to the Synod in the Supplementary Report.
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
3.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot br Hennie Dekker wat baie kosbare werk verrig binne die BSA en GKSA.	3.1 The Synod expresses sincere thanks to br Hennie Dekker who performs precious work within the BSSA and GKSA.
3.2 Die Sinode spreek sy opregte dank uit tot die BSA vir die noodsaaklike werk wat hulle verrig om die Bybel en geestelike leesstof daar te stel, te bevorder en te versprei.	3.2 The Synod expresses its sincere thanks to the BSSA for the essential work they do to create, promote and disseminate the Bible and spiritual reading material.
3.3 Die Sinode ondersteun steeds die *Borg 'n Bybel*-projek en moedig gemeentes aan om daadwerklik aandag te gee tov die instelling van die projek as insamelingsprojek vir Bybelverspreiding. Gemeentes word ook bedank vir die positiewe wyse waarop hulle die projek bejeën.	3.3 The Synod still supports the *Sponsor a Bible* project and encourages congregations to pay real attention in the establishing of the project as a project for Bible distribution. Congregations are also thanked for the positive way in which they undertake the project.

Rapporteur: *Reporter*: